**SAAMPRAATPAPIER** **3 November 2019**

***2 Kor. 9:6-15***

**INLEIDEND:**

*Van alle onderwerpe in die Bybel word die 2de meeste na geld verwys; meer as 2000 keer. Dit is dus 'n belangrike onderwerp en die Bybel gee baie goeie riglyne daaroor.*

*Geld speel 'n baie groot rol in ons almal se lewens en in die ekonomie van die wêreld. Dit is dus 'n saak wat nie vermy kan word nie. Dit is vir God baie belangrik hoe jy as **rentmeester** met jou finansies omgaan.*

**BESPREEK AS GROEP DIE VOLGENDE:**

1. Hoe dink jy maak 'n mens, as gelowige, van finansies 'n positiewe saak? (hou die volgende in gedagte as jy hieroor gesels: eerlikheid, omgee, tiendes, goeie rentmeester)
2. Bespreek die volgende: "My goed en my geld is God s'n"
3. As ek 'n R1000 het en ek gee 'n 10e vir God (R100), wie se geld is die R900 wat oorbly?
4. Kan ek met die R900 maak soos ek goed dink of behoort die R900 ook aan Hom? (Ps. 24:1-2).
5. Hoekom sê Jesus in Matt. 6:24 dat ons nie God en Mammon saam kan dien nie?
6. Hoe dink jy word geld 'n god in jou en my lewe?
7. Wat mag 'n Christen nie met geld doen nie?
8. Wat is jou siening oor die volgende sake?
    1. Dobbelary
    2. Skuld maak
9. Hoe noodsaaklik is dit om 'n dankoffer vir die Here te gee?
10. **Lees die volgende gedeelte en dink na daaroor: 2 Kor. 9:6-15**

    Bespreek: Watter **belangrike beginsels** sien jy raak vanuit die gedeelte?
11. Wie word geëer deurdat ons goeie rentmeesters van ons finansies is?

***Vir die res van die week: dink na en wees eerlik: Waar staan jy vandag met jou finansies? Beheer jou geld jou?***

*(Oorgeneem en aangepas vanaf http://ngnelspruitsuid.co.za/midweek-15-november-2017/)*

